ERIC SWANEPOEL

ONTWIKKELING- EN VERHOUDINGSBESTUURDER

www.incontextinternational.org

'N KORT AGTERGROND

Na sy studies aan die Universiteit van Stellenbosch, het Eric Swanepoel se bediening begin by die NG Kerk Durbanville Bergsig, waar hy as predikant bedien het tot einde 2014.

Tydens die laaste 5 jaar in dié gemeente het hy en sy gesin blootstelling gekry aan die Vervolgde Kerk. Op dié pad het hy gelowiges ontmoet wat bereid was om getrou te bly aan Jesus en Hom te bly volg, ongeag die koste, selfs al sou dit beteken dat hulle weens hul geloofsoortuiging moes sterf. Hierdie blootstelling het sy lewensuitkyk drasties verander, want die toewyding en liefde van hierdie vervolgde Christene het hom opnuut laat vrae vra oor sy eie toewyding aan die liefde vir Jesus.

In 2015 raak hy en sy vrou deel van die voltydse span by Incontext International waar hy tans dien as die Ontwikkeling- en Verhoudingsbestuurder. Die fokus van die bediening is om Christene en gemeentes in te lig en toe te rus om strategies na sendingbetrokkenheid te kyk in die lig van huidige wêreldgebeure. Die navorsing behels vele besoeke aan verskeie sleutel-lande in die Arabiese wêreld, Asië en Afrika, asook talle onderhoude met plaaslike kerkleiers en sendelinge.

Eric deel graag sy opgewondenheid oor wat die Here tans in die wêreld doen met mense.

Job 42:5 "Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien."

INcontext
INTERNATIONAL

ERIC@INCONTEXTMINISTRIES.ORG

+27 (0) 21 9761465
+27 (0) 82 319 5153